STELLENBERG-GEMEENTE

021 976 4519 (kerkkantoor)
021 975 1044 (jeugkantoor)
021 910 3900 (feesmark)
021 976 8029 (SOS)

www.stellenberg.co.za
navrae@stellenberg.co.za

Jesus ons Verlosser leef! Ons reik uit oor alle grense.

22 DESEMBER 2019

# GEMEENTEBULLETIN

### OGGENDDIENS

Romeine 6

### EREDIENS-WERKERS

Ons benodig dringend ere-dienswerkers by die oggend- en gesinsdienste. Jy sal ongeveer een diensbeurt per maand behartig. Kontak asb. vir Odette by odette@stellenberg.co.za om hulp aan te bied.

### DEUROFFERS

Geen deuroffers tydens die skool-vakansie nie, slegs op Kersdag.

## EREDIENSTE TYDENS DIE SKOOLVAKANSIE

| | | | 22 Desember | | 24 Desember | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Breytenbach | 1 | Geen diens | - |
| 19:00 | Kapel | Aanddiens | Ds. Breytenbach | 13 | Kersliedere samesang | - |

**25 Desember**

07:30 (Span 2/6) 08:30 (Span 3/7) 09:30 (Span 4/8) Kersdienste in die kerk.
Prediker: Ds. René Potgieter

| | | | 29 Desember | | 31 Desember | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 09:00 | Kerk | Oggenddiens | Ds. Ackerman | 1 | Geen diens | - |
| 19:00 | Kapel | Aanddiens/ Oujaarsdiens | Ds. Ackerman | 11 | Ds. Ackerman in die kerk | - |

## KANNALAND KOSPROJEK

Skenk asb. oorskietkos van feesmaaltye aan Kannaland. Ons het bewus geraak van die groot voedselnood, veral na nuwejaar, onder veral kinders in dié distrik. Neem asb. die polistireenbakkies by die deure en berg oorskietkos daarin. Gee bydraes asb. in bevrore formaat vanaf 2 tot 5 Jan. 2020 by die kerkkantoor af. Ons sal dit op 6 Januarie na Calitzdorp en buurdorpe neem waar ons helpers die bydraes sal versprei.

## KERSDIENSTE

Op **Oukersaand 24 Desember** vanaf 19:00 tot 19:30 sing ons Kersliedere in die kerk. Kom sluit gerus by ons aan en nooi kuiergaste saam. Op **Kersdag** word om 07:30, 08:30 en 09:30 'n Kersdiens aangebied. Die deuroffers op Kersdag word vir minderbevoorregtes ingesamel. Prediker: ds. René Potgieter.

## LERAARS AAN DIENS

Tydens die skoolvakansie is die volgende leraars aan diens:

1 tot 25 Desember: Ds. René Potgieter 079 893 8104/ rene@stellenberg.co.za

26 Desember tot 4 Januarie: Ds. Hanno Ackerman 079 543 5261/ hanno@stellenberg.co.za

## KERKKANTOOR

Neem asb. kennis dat die kerkkantoor vanaf 24 tot 31 Desember 2019 gesluit sal wees. Die kantoorpersoneel wens alle lidmate 'n vredevolle en geseënde Kersgety toe.

## MET LEEDWESE

Ons neem afskeid van Christina Marthina Mostert Prins, gebore 2/05/1929 en oorlede op 13/12/2019. Sy was sedert 1978 'n lidmaat van Stellenberg-gemeente en het in Panorama Palms se versorgingseenheid gewoon. Ons opregte meegevoel aan haar man, Phillippus, wat sy agterlaat. Begrafnisreëlings was Woensdag 18 Desember by Panorama Palms.

## DIE TIENDEMAANDINSAMELING

Hartlik dankie aan lidmate wat reeds 'n bydrae tot die insameling gemaak het. Ons mikpunt is R1 850 000 sodat ons die 2020-begroting kan laat klop. **Neem 'n plantjie:** Elke huisgesin word uitgenooi om een van die tarentaalplantjies as herinnering aan hul dankoffer te neem. Plaas jou dankoffer in enige koevert in die kollektebord, of maak 'n elektroniese oorbetaling na NG Kerk Stellenberg, Absa-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005, gebruik *tiendemaand* as verwysing.

## BYBELS VIR KHAYELITSHA

Dankie vir die bydraes wat reeds ontvang is. Daar is reeds 350 Bybels aangeskaf en versprei. Ons mikpunt is steeds om 500 Bybels voor die einde van die jaar in te samel. Bydraes vir die projek kan elektronies oorbetaal word na NG Kerk Stellenberg, ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005. Gebruik asb. *Khayelitsha Bybels* as verwysing. Kontantbydraes kan by die kerkkantoor inbetaal word.

### GEMEENTENUUS

Stuur 'n e-pos na sanel@stellenberg.co.za om die Bulletin, Samaritaan en Stellenberger per e-pos te ontvang, of *WhatsApp* jou naam en selfoonnommer na Sanèl by 083 611 4720 om die bulletin op jou selfoon te ontvang.

### BREIGROEP

Ons kom weer op 6 Januarie 2020 om 09:30 in die markplein byeen.

### STELLENBERG-GEMEENTE SNAPSCANKODE